SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BEELD
Date: 21-Jan-2004
Topic: 05
Ref No: 64
1
ID: 03039058-01
Source Page: 12

# Die r-woord knou jong demokrasie

## Rassisme 'n doeltreffende emosionele wapen



**Beeld-forum**

Jonathan Jansen

Ek het onlangs die biografieë van twee wit mans gelees: Max du Preez se *Pale Native* en Ben Turok se *Nothing but the truth*. Wat ek in albei boeke tegelykertyd onthullend en vreemd gevind het, was die onsekerhede wat deur albei mans uitgespreek is oor die gevoel van "tuis wees" in die nuwe Suid-Afrika en, by Turok in besonder, die bevrydingsbewegings.

Die onthulling is gesetel in die feit dat albei dié (wit) mans uitgesproke vyande van apartheid was en hul lewens gewaag het in die struggle. Waar Du Preez egter fel onafhanklik was, was Turok toegewyd (kommunis).

Die afgelope paar weke het ek hul onsekerhede begin verstaan (in die lig van my kritiek op die fabrisering van matriekuitslae). Een swart respondent na die ander (gelei deur die direkteur-generaal van onderwys) het na my verwys as 'n rassis.

Vir ander, wat gereageer het op radio- en geskrewe berigte, moes "Jansen" eenvoudig net 'n wit boer wees en dus was sy kritiek op die matriekuitslae, per definisie, rassisties.

Vir ander weer, wat my swart gesig gesien of herken het (soos die direkteur-generaal) is ek rassisties omdat dit sulke mense pas om 'n apartheidsidentiteit waarteen ek my hele lewe geveg het, op te wek, naamlik die "Kleurling"-etiket.

Daar is amper iets Simpsonagtig in hierdie kniereflеksreaksie op kritiek uitgespreek deur enigiemand anders as wat apartheid gekonstrueer het as die "bloedsuiwer Afrikaan".

Ek was in Kalifornië toe O.J. Simpson ('n beroemde swart atleet) in die hof verskyn het op 'n aanklag van moord op sy wit vrou. Wat my hewig ontstel het, was die wyse waarop talle Afro-Amerikaners (sommige van hulle prominente akademici), die volgende soort argument probeer voer het: "Natuurlik, as die broer sy vrou vermoor het, is dit (bloot) terugbetaling vir slawerny."

Dit wil amper voorkom of hier 'n soortgelyke tipe logika ingespan word: "Wie gee om, selfs al sou die matriekuitslae nie die ware potensiaal van swart leerlinge weerspieël nie? Dis betaaldag vir die struggle!" En enigeen wat hierdie redenasie bevraagteken, is 'n rassis.

Tog is daar niks meer rassisties nie as om een stel standaarde vir die prestasie van swart leerlinge te aanvaar en 'n ander stel vir die prestasie van wit leerlinge.

Weinig mense sou die minister se respons opgemerk het na aanleiding van 'n vraag op die SAUK se onlangse *Interface*-program oor moontlike redes waarom hy studente aanraai om hul eksamens op standaardgraad te skryf. Sy respons: "Op grond van die vermoë van ons leerlinge." 'n Bleker persoon sou op grond van die r-woord ontslaan word op grond daarvan dat hy die probleem van ondervoorsiening in die persoon van die leerling soek.

Die probleem is dat rassisme 'n aaklige teistering is. Ek het onlangs aan 'n paar wit studente in hul eerste jaar aan die voormalige Technikon Pretoria gesê iemand wat hulle afwys bloot omdat hulle 'n idee het wat verskil, moet hulle hel toe stuur.

Dié soort onverdraagsaamheid bedreig die demokratiese projek in ons land. Verskillende stemme, kontrasterende idees en uiteenlopende menings behoort uitgenooi, gekoester en aangemoedig te word. Die gebruik van die r-woord is een van die doeltreffendste emosionele wapens om nie net individue nie, maar ook die sosiale demokrasie te verwoes.

Ek bely: Ek het in die 1980's teruggekeer van my universiteit in Kalifornië en aangedring daarop om my doktorale veldwerk in Zimbabwe te doen, aangesien ek geglo het dat dié land 'n opvoedingstelsel gehad het wat 'n model was (en dit het) wat lesse kon inhou vir post-apartheid-Suid-Afrika. Op daardie tydstip het etlike Suid-Afrikaners in Zimbabwe byeengekom vir 'n konferensie om die toekoms van albei lande te bespreek.

Die Suid-Afrikaners was onwrikbaar: Suid-Afrika sal nooit soos sy bure word nie vanweë 'n sterker ekonomie en, ewe belangrik, vanweë 'n beskaafde, kragtige samelewing. Die Zimbabweërs het net beleefd geglimlag.

Ons het tans 'n sterk demokrasie. Ons behoort 'n regering te salueer wat enorme vordering gemaak het met die lê van grondslae vir 'n lewendige nasionale ekonomie. Maar ons behoort terselfdertyd uiters versigtig te wees vir daardie anti-demokrate, daardie venynige swart nasionaliste, wie se reaktiewe rassisme die swaar gewonne oorwinnings van gewone mense – sowel swart as wit, om 'n nie-rassige demokrasie te bou, stelselmatig kan vernietig.

● *Prof. Jansen is dekaan van die fakulteit opvoedkunde aan Tukkies.*